

Saterdag 9 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12

Dien mekaar

Die “charismatiese beweging” swiep steeds soos ’n warrelwind deur alle kerke – die Gereformeerde Kerke inkluis. Dit verwaai en verwar ou Christene wat die Here al jare lank ken en dien. Hulle verlaat dan “gevestigde kerke” vir die “lewende kerke”, waar:

- die lidmaat die spil is waarom die godsdienst draai;
- die Geestesgawes in byeenkomste funksioneer;
- die slagkreet is: “Die Here het vir my gesê ...”

Die Griekse woord “charisma” beteken Geestesgawe of genadegawe. Paulus ag dit só belangrik dat hy drie hoofstukke (12-14) daaraan wy sodat ons “ingelig moet wees” (12:1). Die gelowiges in Korinte het verskeie gawes ontvang (kyk vs 28). Hulle het dit egter selfvoldaan tot hulle eie voordeel aangewend en skynbaar selfs daarmee gespog! (Dit klink nogal bekend as jy na sommige “charismatiese” Christene luister!)

Jy wat so op hol gaan met Geestesgawes asof jy daarmee mag spog en dink dat jy daarvoor beheer het en dit kan gebruik soos jy wil: die enigste doel daarmee is om mekaar te dien in jou gemeente. Soos die verskillende ledemate en organe die menslike liggaam dien, ontvang elke gelowige van die Gees ’n gawe (vs 7-11); dien al die Geestesgawes die liggaam (vs 12, 13); is elke gawe noodsaaklik (vs 14-21); en is al die gawes gelykwaardig (vs 22-26).

Dit is die eerste Bybeltoets waaraan jy die “charismatiese” Christen meet wat jou wil oorrompel met ’n opgewonde getuienis oor wat “die Here” vir hom of haar gesê het.

Sing: Skrifberyming 21:1, 2, 3

Ds. J Botha (Johan) (Emeritus)